

BABAKLEERTJIES

BENODIGDHEDE: *Pinguin Golden Age* 4-draad (50-g-bolle), 4 bolle wit, 1 bolligbou; breinaalde van 3 mm en 3,50 mm; 8 knope, 1 drukkertjie, 2 stekehouders en/of reserwenaalde.

MATE: *Truitjie:* Om borsmaat van ongeveer 52 cm te pas; lengte vanaf skouer 25 cm; moumaat 13 cm. **Oorslaanbaadjie:** Borsmaat ongeveer 52 cm, lengte vanaf skouer 25 cm. **Broekie:** Synaat 22 cm.

SPANNING: Ongeveer 24 ste en 46 rye = 10 x 10 cm met 3,25-mm-breinaalde oor reksteek.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); vermeer - vermeerder; vermin - verminder; weersk - weerskante; vlg - volgende; herh - herhaal; tes - tesame; alt - alternatiewe; rs - reksteek (= elke ry regs); rif - ruffelsteek (= een regs, een aweregs); oorbl - oorblywende.

TRUITJIE

Dié truitjie word aaneengebrei vanaf onderkant van voorpant tot onderkant van agterpant.

VOORPANT: Met blou en 3,25-mm-breinaalde stel 53 ste op en brei 3 cm rs.

Slaan oor na wit en brei reguit voort tot werk 16 cm lank is.

MOUE: Stel 31 ste op aan beg van vlg 2 rye — 115 ste.

Brei voort tot werk 21 cm lank is.

Halsopening: Brei 50 ste en plaas dit op 'n reserwenaald. Heg die middelste 15 ste af en brei voort op die oorblywende 50 ste vir regterskouer, regtermou en regteragterpant.

Hou mouboordjiekant reguit en heg aan halsrand een keer 3 ste, een keer 2 ste, dan vier keer 1 st af.

Brei reguit voort tot werk 23,5 cm lank is.

Slaan oor na blou en brei 10 rye.

AGTERPANT: (regterhelfte): Stel 24 ste op vir halsrand van agterpant en brei nog 4 rye oor al die ste met blou.

Slaan oor na wit. Brei voort tot werk 34 cm lank is.

Mouvorming: Heg 31 ste van mourand af — 38 ste bly oor.

Brei nou voort vir regteragterpant tot werk 40 cm lank is.

Opening vir seintuur: Plaas 15 ste aan regterkant van werk op 'n reserwenaald en brei 12 rye op die oorbl 23 ste. Plaas nou dié 23 ste op 'n reserwenaald. Neem die 15 ste van eerste reserwenaald op en brei ook 12 rye op die tweede stel steke. Voeg al die steke weer saam op 1 breinaald en brei voort oor al die steke tot werk 47 cm lank is. Brei nog 3 cm met blou en heg af.

Brei linkervoorpant met al die vormings omgekeerd, sonder seintuuropening.

SEINTUUR: Word in 2 dele gebrei.

Met blou en 3-mm-breinaalde stel 55 ste op en brei 12 rye rs. Heg af.

Brei 2e helfte op dieselfde manier, maar brei 'n knoopsgat in 6e en 7e ry oor 3e, 4e en



VIR BEGINNERS

5e steek vanaf syrand.
Brei nog 5 rye en heg af.

AFWERKING: Werk sy- en mounate toe. Steek seintuur deur opening. Werk knoop aan seintuur vas en drukknoop aan halsopening van agterpant.

OORSLAANBAADJIE

Aaneengebrei.

LINKERVOORPANT: Met blou en 3,25-mm-breinaalde stel 47 ste op en brei 3 cm rs.

Vlg ry: Heg 6 ste af aan linkerkant.

Slaan oor na wit.

Twee steke vanaf syrand, verminder 1 st elke 4e ry, 25 keer.

Armgate: Wanneer werk 15 cm lank is, moet aan regterkant van werk in elke 2e ry een keer 3 ste, een keer 2 ste, dan 4 keer 1 st afgeheg word vir armgat.

Brei voort tot werk 25 cm lank is en merk vlg ry met 'n gekleurde draad om einde van halwe voorpant aan te dui.

Brei 2 rye, vermeer dan aan linkerrand (vir halsrand) een keer 1 st, een keer 2 ste, een keer 3 ste, elke 2e ry.

Plaas oorbl steke op 'n reserwenaald.

REGTERVOORPANT: Soos linkervoorpant, maar brei 2 knoopsgate, elkeen 3 ste breed, 1,5 cm vanaf begin van blou rand.

1e knoopsgat: Brei 5 ste, brei 'n knoopsgat, brei nog 25 ste en brei 'n 2e knoopsgat. Brei dan voort soos uiteengesit vir linkervoorpant, tot albei dele dieselfde lengte is.

AGTERPANT: Brei ste wat op pen is, stel 9 ste op en brei ste vanaf reserwenaald op dieselfde naald om agterpant te vorm — 41 ste.

Brei voort tot werk 34 cm lank is.

Armgate: Stel aan weerskante van elke 2e ry een keer 1 st, een keer 2 ste, een keer 3 ste op. Brei voort tot werk 47 cm lank is en slaan oor na blou. Brei nog 3 cm en heg af — 50 cm.

Armgsatstrook: Met blou en 3,25-mm-breinaalde tel ongeveer 58 ste uit rand op en brei 4 rye rs.

5e ry: r 2, r 2 tes, r 2, r 2 tes; brei reguit voort tot laaste 8 ste, r 2 tes, r 2, r 2 tes, r 2 — 54 ste bly oor.

Brei nog 5 rye — 10 rye altesaam — en heg af.

VOORPANT- EN HALSSTROOK: Met blou en 3,25-mm-breinaalde, tel op en r 143 ste uit voorpantrande en halsrand; brei 6 rye rs.

Vlg ry: Slaan oor na 3-mm-breinaalde en brei nog 4 rye — 10 rye altesaam — en heg af.

AFWERKING: Werk kort sykante van hierdie strook aan 6 afgehegte steke van voorpantboord vas. Werk knope aan.

BROEKIE

VOOR- EN AGTERPANT (eenders): Met blou en 3,25-mm-breinaalde stel 25 ste op en brei 14 rye rs — vir 1e broekspyp.

Slaan oor na wit en brei voort tot werk 6 cm lank is.


Plaas ste op reserwenaald. Brei 2e broekspyp tot dit ook 6 cm lank is.

Brei oor ste van 2e broekspyp, stel 7 ste op, brei nou ste van 1e broekspyp vanaf reserwenaald — 57 ste op een breinaald.


Brei voort tot werk 9 cm lank is.

BABAKLEERTJIES VIR BEGINNERS


VAN BLADSY 103




OORSLAANBAADJIE



BROEKIE



KAPPIE



Vlg ry: r 25, r 2 tes, r 3, r 2 tes, r 25 — 55 ste.
Brei 2 cm.

Vlg ry: r 24, r 2 tes, r 3, r 2 tes, r 24 — 53 ste.
Brei 2 cm.

Vlg ry: r 23, r 2 tes, r 3, r 2 tes, r 23 — 51 ste
bly oor.

Brei voort tot werk 20 cm lank is.

Slaan oor na 3-mm-breinaalde, brei 2,5 cm
rif en heg af. Brei 2e pant op dieselfde
manier.

Skouerbandjies (2): Met wit en 3-mm-
breinaalde, stel 9 ste op en brei 1,5 cm rif.

Vlg ry: Brei 4 ste, heg 1 st af vir knoopsgat,
brei tot einde.

Vlg ry: Brei tot laaste 4 ste, stel 1 st op vir
knoopsgat, brei tot einde.

Brei voort tot werk 34 cm lank is en heg af.

KAPPIE

Met blou en 3,25-mm-breinaalde stel 58
ste op en brei 10 rye rs.

Slaan oor na wit en brei voort tot werk 12
cm lank is.

Heg 22 ste af aan beg van vlg 2 rye — 14
ste.

Brei voort op 14 middelste steke en ver-
meer 1 st aan weersk van vlg 7 alt rye — 28
ste.

Brei reguit voort tot werk 20,5 cm lank is.
Vermin 1 st aan weersk van vlg 7 alt rye.

Heg af.

Werk agternate van kappie toe.

Randstrook: Met 3-mm-breinaalde en blou
stel 12 ste op, tel 70 ste oor onderste rand
van kappie op en stel nog 12 ste op. Brei rs.
Brei 'n knoopsgat in 7e ry oor 3e en 4e steek
van linkerrandstrook. Brei voort tot 12e ry
voltooi is en heg af.

Werk knoop in posisie vas.

STEWELTJIES

(2 eenders)

Met wit en 3,25-mm-breinaalde stel 34 ste
op en brei 5 cm rs.

Wreef: Plaas 12 ste aan weerskante op
stekehouers en brei 20 rye op middelste 10
ste.

Slaan oor na blou, brei 12 ste vanaf
stekehouer aan regterkant, tel 10 ste op uit
regtersyrand van wreef, brei 10 ste van
wreef, tel op en brei 10 ste uit linkersyrand
van wreef, brei 12 ste op tweede stekehouer
— 54 ste.

Brei 12 rye oor al die steke.

Vlg ry: Brei 2 ste, vermin 1 st, brei 20 ste,
vermin 1 st, brei 2 ste vermin nog 1 st, brei 20
ste, vermin 1 st, brei 2 ste.

*Brei 1 ry. Vermin 1 st bokant elke vermin
van eerste vermin-ry en brei tot einde.*

Herh van * tot * nog een keer — 42 ste bly
oor.

Vlg ry: Heg al die steke af.

ENKELBANDJIES (2): Met 3-mm-brei-
naalde en blou, stel 50 ste op en brei 2 rye rs.
3e ry: Brei 1 st, gl 1, r 1, trek gs oor, brei tot
einde.

4e ry: Brei rs en stel 1 st op oor afgehegte st.
Brei nog 2 rye en heg af.

AFWERKING: Werk sool aan syrand vas.
Werk bandjie aan steweltjie vas. Werk
knoop in posisie aan bandjie vas.

ALET GRAHAM

VERSLANK 18 kg IN SES WEKE

Mev. ALET GRAHAM,
Poppystraat 11, Arcon-
park, Vereeniging,
skryf:


„Ek wil u net bedank
vir wat Aro-Slimwear-
kuur vir my gedoen
het. Ek was 68 kg en
my massa is na drie
jaar nog steeds kon-
stant op 50 kg. Daar-
die uitstaan magie
van my is nog steeds
weg.”



13 VERSKILLENDE KLEDINGSTUKKE.
Dra dit werktuig, doen huiswerk daarin,
draf daarmee of slaap daarin. Dit is ge-
maak van vinol materiaal, gesweis met
'n hoëfrekwensie proses, om dit lugdig
te maak. Die liggaamshitte veroorsaak
dat die bloedvate uitsit en die bloed
vinniger sirkuleer. Die ontbrandingspro-
ses word gestimuleer en help om die
onnodige vet te verbrand.



27 JAAR
BEPROEF



SLIMMETTE

Strek van onder die
buiste tot by die knieë.

Prys: R11,98

POFBROEK

Vir knop-vet aan die bo-
bene, maag en heupe.

Prys: R9,28

DRIE VOLLE ETES PER DAG

Die ARO-SLIMWEARKUUR sluit aantreklike spyskaartte vir
smaaklike versadigende etes, ryk aan vitamines en nutriënte
in, om u slank en gesond te hou. U volg nie 'n honger dieet.

ARO-SLIMWEAR Posbus 1837, Pretoria.

Ook verkrygbaar by Onderklere-afdeling, alle takke van:

GARLICKS — REED & CHAMPION, DURBAN
LET'S EAT RIGHT, BLOEMFONTEIN.

ARO-SLIMWEAR

POSBUS 1837, PRETORIA 0001
(Salisbury-Huis 46, Andriesstraat 222)
Telefoon (012) 26-3854 en 21-7089

NAAM:

ADRES:

Kledingsstuk: saam met volledige kursus en spyskaartte.

Bedrag ingesluit LENGTE: HEUPE:

Stuur K.B.A. (R1,30 K.B.A.-koste ekstra)

No. 9

Verkoopbelasting ingesluit.

R/R1910/83